Waterkruik

JAARGANG 61 NO 47 24 November 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VOLGENDE SONDAG

Dis Gerben is met verlof van die 1ste Desember tot 9 Desember.

Prop. Theuns de Bruyn sal al die eredienste lei.

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 9 & 10
Oudle.: Br. Sean van der Merwe
Br. Alwyn Rossouw
Diakens: Br. Deon van der Merwe
Br. Francois de Kock
Br. Herman Bonnet
Sr. Fransma Scheepers

Aand: Wyke 11 & 12
Oudle.: Br. Tommy Venter
Br. Wico Swanepoel
Diakens: Br. Herman van Heerden
Br. Hanno Steenkamp

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag:
19:30 Oorsig NGB Pastorie en Aanlyn
Woensdag tot Donderdag:
Belydeniskamp

Die loflied van Maria
En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het.
Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het.
Heilig is sy Naam!
Lukas 1: 47 - 50

TEESKINKBEURTE

Die susters van wyk 23 olv Gené van Wyk, nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonie
By die deure : Kerkkas

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Ja, U is my rots en my bergvesting, ter wille van u Naam sal U my voorgaan en my lei." Ps 31:4

Vandag
Sr. Ilse Marais 084 252 0987

Maandag 25 November
Sr. Anika le Roux 082 901 6167
Kaylin Keyser (9) 083 450 1975

Dinsdag 26 November
Sr. Carene v d Merwe 082 773 7829

Woensdag 27 November
Br. Julius du Preez 076 322 8701
Br. Edward Engelbrecht 083 296 4699

Vrydag 29 November
Sr. Eleonora du Plessis 072 199 3070
Br. Jannie Erasmus 082 437 7188

MEELEWING

Vanoggend word die verbonds-dogtertjie van *Eric* 064 659 8469 en *Chané* 072 758 5194 *Danielz* gedoop. Hartlik geluk. Mag dié God van wordende geslagte aan julle die genade, wysheid en insig gee om klein *Aleeza* op te voed tot eer en verheerliking van sy Naam en tot uitbreiding van sy Koningkryk. Ook geluk aan die familie. Mag sy julle baie vreugde gee.

Cobie-Mari Erasmus was die afgelope tyd in die Kloof Hospitaal en is Vrydag aan haar sinuse geopereer. Ons bid dat die Here die operasie en die behandeling sal seën en dat jy gou beter sal wees. 082 564 5580

Ons dink ook aan *br. Willie Enslin* wat Vrydag 'n operasie in die Urologiese Hospitaal ondergaan het. Ons bid hom en *sr. Nelie* krag en genade toe vir elke dag. 082 961 1037

Hartlik geluk aan *Pieter Lindeboom* wat gekies is as prefek vir 2025 by Pretoria Boys High School. Mag die Here jou ryklik seën. 072 355 6732

Ons is saam met s*r. Kittie Broos* dankbaar dat sy die afgelope week 'n geslaagde lensvervanging ondergaan het en bid dat die Here die vervanging van die ander lens ook sal seën.
083 703 5727

Ons Proponente

Bietjie agtergrond

As een van ons jong broeders die roeping ervaar om bedienaar van die Woord te word, dan meld hulle aan by die kuratorium van ons kerkverband. Die kuratorium hou toesig oor ons teologiese professore en studente. Onder leiding van die teologiese skool word die studies oor 'n tydperk van ses jaar voltooi. Aan die einde hiervan ontvang 'n teologiese student sy graad asook 'n kandidaatsertifikaat van die kuratorium. Hiermee kan by 'n kerklike vergadering (klassis of streeksinode)

aangemeld word om geëksamineer te word met die oog op beroepbaarstelling. Nadat iemand beroepbaar gestel is kan hy 'n beroep ontvang. As die beroep opgevolg word, word 'n proponent in die betrokke gemeente as predikant bevestig. So loop die proses van teologiese student - proponent - predikant.

Dinsdag 19 November 2024

Afgelope Dinsdag is Theuns deur klassis Vaalrivier geëksamineer en beroepbaargestel. Ons baie dankbaar saam met hom en Mariëtte. Dit beteken dat Theuns nou nie meer teologiese student is nie, maar proponent. Hy is beroepgestel binne die GKSA. Inmiddels het Theuns reeds 'n beroep ontvang van die Gereformeerde Kerk Hendrina/Carolina.

Quintin is reeds vanaf laasjaar proponent in die GKSA. Afgelope Dinsdag is sy proponentskap verleng deur die Streeksinode Pretoria. Dit beteken dat Quintin weer aktief beroepbaar binne ons kerkverband is en ook in afwagting is waar die Here hulle sal roep om in sy koninkryk werksaam te wees.

Ons bid vir julle beide, saam met julle gesinne die ryke seën van die Here toe. Ons is die Here innig dankbaar dat Hy julle tot hier gelei het en sien met vreugde uit na die pad wat Hy vir julle voorberei het.
Br. Theuns de Bruyn, 072 151 9185

"Die Here is by my, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen? Die Here is by my, Hy help my: ek sal neerkyk op dié wat my haat.
Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou." Ps. 118: 6 – 8

ROEPING AS AMPSDRAERS

Die Kerkraad het op sy vergadering van 31 Oktober 2024 na voorlegging, bespreking en goedkeuring besluit om die volgende broeders ter approbasie vir die ampte as ouderlinge en diakens aan die gemeente voorgehou:

As ouderlinge:
Brs. Frans Schutte en Tap du Plessis

As diakens: Brs. Leon Haasbroek, Matt Myburgh, Jakobus Pretorius, Janus Pretorius, WJ Steyn, Rudolp Coetzer, Ian de Villiers en Phillip Fourie.

Ons vra u voorbidding vir die Here se wysheid en insig met die oorweging van die roeping.
Die bevestiging sal DV Sondagaand 12 Januarie 2025 plaasvind.

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang
Proponent JFR (Johann) de Waal na GK Pietermaritzburg

PROGRAM VIR DIE RES VAN 2024

Vrydag 28 November Belydeniskamp

Woensdag 25 Desember Kersdiens

DIE KERKERKBLAD Spesiale Desember/ Januarie uitgawe Slegs R40

Die Desember/Januarie uitgawe van *Die Kerkblad* is hierdie jaar `n spesiale, uitgebreide uitgawe, besonder aktueel juis in hierdie tyd van die jaar.

Rondom Kersfees is daar oordenkings oor die **rykdom van die lofliedere** wat met die koms van ons Here Jesus gesing is. Die Lofsang van Maria, van Sagaria, van Simeon, van Anna. Dan natuurlik die lofsang van die engele oor die velde van Efrata, en die lofspraak van Jesaja 9.

Rondom Geloftedag is daar `n artikel van Dr. Danie Langner wat die vraag vra: **Was 16 Desember 1838 werklik `n wonder uit die hand van die Here**?, asook `n verkorte weergawe van Cassie Aucamp se preek voor 35 000 mense by die Voortrekkermonument verlede jaar oor die Here se vraag in Sagaria 7 oor die onderhouding van `n gedenkdag by Israel: *Het julle dit waarlik ter wille van My gedoen?*

Die besondere **Wêreldvraagstukke en oorloë by die draai van die jaar** word van naby die front bekyk deur Ds. Allistar Torrens in Kiyev, Paul Maritz in Duitsland en Dr. Victor d'Assonville wat dit belig vanuit Christus se heerskappy oor die wêreldvorste soos in Psalm 2 verkondig. Ons kyk ook na ons eie landsomstandighede, en die Redakteursonderhoud is hierdie maand met die bekende pa en dogter kunstenaars: Rouel en Nadia Beukes.

***Ook** 2024/25 in Bybelse perspektief en vele meer.*

Die uitgawe gaan 50% dikker wees as die normale.

U kan hierdie prag-uitgawe by die kerkkantoor 083 398 9080 bestel voor Woensdag 27 Nov. Betaling kan direk in die kerk se rekening betaal word met verwysing (Kerkblad). Hierdie is `n ekstra-spesiale klein-geskenk vir vriende, u kinders of bejaardes.

CHRISTUS BEDEK ONS SKULDVERLEDE

Eksodus 25:10-22

Die items in die verbondsark (manna, kliptafels, staf van Aäron) is ’n pynlike herinnering aan die tragiese geskiedenis en sonde van Israel in die woestyn. Die troos is egter dat die verbondsark toegemaak is met die goue versoendeksel. Al ons tekortkominge en al ons sondigheid word eintlik weggesteek onder hierdie deksel – die goue deksel met die gerubs, waarop die hoëpriester een keer per jaar met die besprinkeling van die bloed versoening gedoen het! Romeine 3:25 verwys daarna dat God sy Seun gegee het “as ’n versoening deur die geloof” (letterlik: as ’n versoendeksel).



Christus is ons versoendeksel! Hy bedek al ons euweldade voor God. Hy bedek ook die tafels van die wet … want sien, die wet verval nie as Christus kom nie, maar kry ’n ander betekenis. Die wet is dus ondergeskik aan die bloed van Christus. Jou redding óf jou vervloeking kom nie meer deur die wet nie … jou redding kom deur die bloed van Christus! Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie (Joh. 3:17,18). Deur die bloed van Christus word die troon van God dus ’n troon van genade!!

Eenvoudig gestel gaan dit dus so met ons as ons tot God nader: Here, ek is nie waardig genoeg om voor U te kom nie, dit besef ek deur die pyn van my verlede van sonde en teleurstellings, maar terselfdertyd weet ek dat ek waardig gemaak word deur die bloed van Christus wat my sondes voor U bedek.

As jy sou sê dat jy te sleg is om voor God te kom en dat jy nooit goed genoeg vir God sal wees nie, dan beledig ons eintlik vir Christus. God wil in hierdie verbondsverhouding met sy kinders staan, maar omdat ons dit self nooit waardig sou wees nie, het Hy sy Seun beskik as die versoening vir al ons sondes.

Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT **SKRIBA**
Ds. Gerben Meijer Gert Wibbelink
062 279 4469 082 787 6537

VOORS DIAK **OUDL. SKRIBA**
Herman van Heerden Gert Wibbelink
082 604 3352 082 787 6537

ORRELIS **SONDAGKOSTER**
Ansie Wichmann Riaan Reinecke
072 605 8675 079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan

Die Kerk Almanak vir 2025 is in die konsistorie beskikbaar. Dit is gratis maar 'n donasie sal waardeer word. Die Almanak kos R130.